Die SAWIS Publikasieportefeulje

Junie 2011

AGTERGROND

SAWIS het oor die afgelope aantal jaar deurlopend die inhoud van die publikasieportefeulje by veranderende kliëntbehoeftes en die besigheidsomgewing aangepas. Daar is verskeie redes wat daartoe aanleiding gee om weer oor die voortbestaan van veral die gedrukte maandelikse Wynbedryf-inligtingpublikasie te besin, onder andere:

1. Baie van die lesers van die gedrukte kopie lees selektief en stel nie in die totale publikasie se inhoud belang nie soos byvoorbeeld net in die grootmaat binnelandse pryse, verpakte inligting, uitvoere na Afrikalande.
2. Die maandelikse Wynbedryfinligtingpublikasie is 'n samevatting van die omvangryke statistiek wat op die webtuiste gepubliseer word. Laasgenoemde is reeds tot 3 weke voor die uitstuur van die gedrukte weergawe op die webtuiste beskikbaar.
3. Ondersteuning van die wynbedryf se "groen" koolstofspoor inisiatiewe.
4. Verhoogde benutting van elektroniese kommunikasie geleenthede en infrastruktuur.
5. 'n Meer koste-effektiewe belyning van die verspreiding van inligting wat tot groot besparings in skryfbehoeftes, drukwerk, toerustinggebruik en mensetyd lei.

Derhalwe is die geleentheid gebruik om die publikasieportefeulje met spesifieke kommunikasiemediums in terme van trefkrag, sigbaarheid en waarde-toevoeging te belyn. Die Bedryfinligtingskomitee ondersteun hierdie verandering.

DIE TOEKOMSTIGE SAWIS PUBLIKASIEPORTEFEULJE

1. Die plasing van die maandelikse statistiek op die SAWIS webtuiste bly onveranderd. http://www.sawis.co.za/info/statistics.php
2. Die bestaande maandelikse Wynbedryfinligting, wat 'n samevoeging van die statistiek is, word met 'n gedrukte een bladsy samevatting van die belangrikste statistiek en/of tendense met aanvullende tabelle/grafieke vervang. Dit sal maandeliks per gewone landpos en e-pos uitgestuur word.
3. Die jaarlikse publikasies oor Druiwepryse-Produsente, Druiwepryse-Handel, Wingerdstand, Produksie en Markvooruitskattings word behou met die toevoeging van twee nuwes - Uitvoere en Nuwe Wêreld vs Ou Wêreld. Hierdie gefokusde publikasies sal slegs op die webtuiste beskikbaar wees en nie in gedrukte formaat uitgestuur word nie.
4. Die gedrukte Global Wine Village en VinIntell sal afwisselend maandeliks per land en e-pos uitgestuur word. Dit word ook op die webtuiste geplaas.
5. Die uitstuur van die jaarlikse gedrukte Statistiekboekie in Julie en die Wêreld en Plaaslike Nuus in November per landpos en in elektroniese formaat bly onveranderd. Dit verskyn ook op die webtuiste.

Ontvangers sal dus maandeliks per gewone landpos of e-pos die opsommende Wynbedryfinligting tesame met 'n waarde-toevoegende publikasie ontvang, terwyl die basiese statistiese inligting op die webtuiste beskikbaar sal wees. Ons ontvang graag u kommentaar op hierdie gewysigde benadering.

Groete tot Julie.

Charles
Tel +27 21 8075719
E-pos charles@sawis.co.za

SAWIS
SA WYNBEDRYF-INLIGTING & -STELSELS
SA WINE INDUSTRY INFORMATION & SYSTEMS

The SAWIS Publication Portfolio

June 2011

BACKGROUND

SAWIS has over the past couple of years continuously adapted the contents of its publications to changing client needs and the business environment. There are now various reasons leading to the revisit of these publications, especially the printed monthly Wine Industry Information publication.

1. Many readers of the printed copy read selectively and are not interested in the total publication for example only in bulk domestic prices, packaged information, exports to African countries.
2. The monthly Wine Industry Information is a summary of the extensive statistics published on the website. The latter is uploaded on the website at least 3 weeks before the printed publication is posted.
3. Supporting the industry's "green" carbon foot print initiatives.
4. Increased utilization of electronic communication opportunities and infrastructure.
5. The more cost-effective alignment of the dissemination of information leading to significant savings in stationary, printing, use of equipment and human time.

This opportunity is therefore used to align the publication portfolio with specific communication mediums in terms of reach, visibility and added-value. The Industry Information Committee supports this change.

FUTURE SAWIS PUBLICATION PORTFOLIO

1. Uploading the monthly statistics on the SAWIS website remains unchanged. http://www.sawis.co.za/info/statistics.php
2. The current monthly Wine Industry Information is replaced with a printed one page summary of important statistics and/or trends with additional tables/graphs. This will be sent monthly by snail and e-mail.
3. The annual publications about Grape Prices-Producers, Grape Prices-Trade, Vineyard Status, Production and Market Estimates are retained, while adding two new publications - Exports and New World vs Old World. These focussed publications will only be uploaded on the website and will not be sent in printed format.
4. The printed Global Wine Village and VinIntell will be sent alternately monthly by snail and e-mail. It will also be uploaded on the website.
5. The dissemination of the annual printed Statistics Booklet in July and World and Local News in November remain unchanged. It will also be available on the website.

Recipients will therefore receive monthly by snail or e-mail the summarised Wine Industry Information together with a value-adding publication, while the basic statistical information will be available on the website. You are welcome to send us your comments.

Greetings until July.

Charles
Tel +27 21 8075719
E-mail charles@sawis.co.za

SAWIS
SA WYNBEDRYF-INLIGTING & -STELSELS
SA WINE INDUSTRY INFORMATION & SYSTEMS